



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.**

## AFDELING A (VEPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 Arya Samaj (2)
1.1.2 Theravada (2)
1.1.3 Talmoed (2)
1.1.4 Baha'u'llah (2)
1.1.5 Irak (2)
[10]

1.2 1.2.1 **Eenheid**

- Eenheid beteken harmonie en eenstemmigheid.
- Dit sou beteken dat godsdienste aktief saamwerk om sekere praktiese doelwitte in die gemeenskap te bereik.
- Dit kan ook beteken dat die leringe van verskillende godsdienste met mekaar verenigbaar is. (4)

1.2.2 **Fundamentalisme**

- 'n Vorm van konserwatisme (om van tradisionele gebruike te hou en nie van verandering nie) waar elemente van 'n ou tradisie selektief gebruik word.
- Dit meng elemente van 'n ou tradisie met elemente van die moderne samelewing met die doel om die belange van 'n godsdienstige groep te bevorder. (4)

1.2.3 **Uniekheid**

- Dit beteken dat niks dieselfde, gelyk of parallel aan iets anders is nie.
- Die woordeboekbetekenis is ongewoon, merkwaardig of opvallend.
- Dit verwys na die identifisering van eienskappe wat 'n godsdiens enig in sy soort maak – apart van ander godsdienste. (4)

1.2.4. **Vergelykbaarheid**

- Dit verwys na die vergelyking wat getref kan word tussen verskillende geloofsgroepe of godsdienstige instellings (byvoorbeeld denominasies).
- Vergelykbaarheid beteken dat twee of meer godsdienste vergelyk kan word om sodoende die ooreenkomste en verskille vas te stel. (4)

*LET WEL: Vir VRAAG 1.2.1–1.2.4 moet enige ander relevante antwoord gekrediteer word.*

1.2.5 **Reïnkarnasie**

- Dit is die oortuiging dat wesens weer in 'n volgende lewe gebore word.
- Dit is die sentrale geloof in beide Boeddhisme en Hindoeïsme.
- Dit beteken dat die menslike siel baie kere op aarde gebore word.
- Dit is ook 'n sentrale oortuiging in die Aka-godsdiens van Sentraal-Afrika. (4)

**[20]**

1.3 1.3.1 **Shoghi Effendi**
Die ander is wetenskaplikes; Shoghi Effendi is die persoon wat Abdu'l-Baha opgevolg het. (2)

1.3.2 **Verassing**
Die ander drie hou verband met ATG. Daar is nie verassing in die ATG nie. (2)

1.3.3 **Nirvana**
In Boeddhisme is Nirvana die verlossing uit lyding en die siklus van hergeboorte; die hoogste doelwit van Boeddhistiese praktyk. Die ander is die Hindoe drietal gode (Dit is die drie Hindoe-gode). (2)

1.3.4 **Baha'u'llah**
Hy is die stigter van die Baha'i-geloof. Die ander is leiers in die Abrahamitiese gelowe. (2)
[8]

1.4 1.4.1 Onwaar – Synkretisme is die vermenging van godsdienste, terwyl hermeneutika is die wetenskap van die interpretasie (vertolking) van tekste is. (4)

1.4.2 Onwaar – 'n Sjamaan is iemand wat as 'n medium tussen die sigbare en die spirituele wêreld optree.Hy tree op as n tradisionele geneser. Umvelinqangi is hul Skepper.(enige soortgelyke naamATG is aanvaarbaar) (4)

1.4.3 Onwaar – Vajrayana is die skool (of hoofvertakking) van Boeddhisme, terwyl die ander takke van Hinduism is. (4)
[12]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 **Afrika Tradisionele Godsdiens**

- Hulle glo in die bestaan van die Opperwese.
- Hulle kommunikeer met hul God deur die voorvaders.
- Hul kommunikasie met die voorvaders vind deur die ritueel van diereoffers plaas.
- Harmonie tussen die lewendes en die voorvaders is baie belangrik.
- Voorvaders kan siekte , ongeluk of seeninge bring.
- Tydens die offerritueel roep die lewendes die voorvaders om teenwoordig te wees.
- Gemeenskapsolidariteit is 'n belangrike eienskap van Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Die gemeenskapsoriëntering van die Afrika-samelewing word duidelik in hul rituele uitgebeeld.

- Rituele is ryk aan simbole.bv.bokvel armbande ( Isipandla)

Daar is nie ‘n spesiale dag van aanbidding nie
Daar is nie ‘n stigter nie.
Geen geskrewe tekste nie
Gee gewyde geboue nie, maar daar is gewyde plekke
Daar is ‘n groot verskeidenheid tussen die Afrika Tradisionele Godsdienste

- Daar is 'n wye verskedeinheid oortuigings in die Aka-stam. (10)

2.1.2 **Judaïsme**

- Hulle is die afstammelinge van die God se verbondsvolk.
- Hulle glo dat Abraham eerste besef het daar is een God.
- Abraham was die spirituele stigter van die Jode.
- Abraham was die eerste patriarg.
- Moses het hulle uit die Egiptiese slawerny weggelei.
- Hulle het belowe om God te dien omdat hulle gekies is.
- Hul skrifte is die Torah/Tanavh
- Plek van aanbidding is die sinagoge
- Hulle het ‘n unieke kleredrag
- Hulle voedsel is kosher (aanvaarbaar vir Jode)

2.2 2.2.1 **Godsdienstige leringe**

Sunni

- Sunni's glo dat die godsdienstiges, eerder as die afstammelinge, hul leiers moet kies.
- Sunni verwys na die 'navolging' van die sunnah (voorbeeld) van die Profeet Mohammed.
- Al die kamerade van die Profeet word ewe veel respek in die Islamitiese regswetenskap gegee.
- Die Sunni’s het vier regskole
- Die Sunni’s volg die leringe van die 7 de en 8 ste eeuse geleerdes.

Shi'a

- Hulle glo dat die kalifaat (opvolger) uit die afstammelinge van die Profeet Mohammed moet kom.(naamlik Ali)
- Hulle beweer dat hierdie kaliefs goddelik aangestelde imams met bonatuurlike kennis en gesag is wat die gelowiges moet lei.
- Hulle volg sommige van die Hadith (bv.vertellinge van Ali en Fatima en Mohammed maar verwerp ander.(bv, Abu Bakr)
- Hulle herdenk die dood van Hussein wie hulle glo by Karbala doodgemartel is.
- Hulle deel 'n gesamentlike skuldgevoel omdat hulle nie tot sy redding gekom het toe hy doodgemaak is nie. (10)
- Hulle beoefen selfskending.

2.2.2 **Godsdienstige praktyke in Islam**

Sunni

- Godsdienstige praktyke is streng in ooreenstemming met die sunnah (voorbeeld) van die Profeet, soos in die Hadith neergelê.
- 'n 'Imam' is eenvoudig die leier van gemeentelike gebed.
- 'Imam' dui nie formele opleiding in Sunni-Islam aan nie.
- Daar is vier erkende skole ten opsigte van regsaangeleenthede in Islam.
- Hulle bid vyf keer 'n dag
- Die konsep van Muttah (tydelike huwelike) word nie erken nie.
- Idispute word by wyse van konsensus opgelos

Shi'a

- Daardie Hadith van Ali en Fatima, dogter van die Profeet, word meer prominensie gegee.
- Die heiligdom ('shrine') van Hussein in Karbala is 'n belangrike pelgrimstog vir Shi'as.
- Muttah word toegelaat.
- Die Shia word toegelaat om sommige daaglikse gebede te kombineer.
- Hulle kan drie keer op 'n dag bid.
- Hulle beoefen self-skending (hulle skend hulself)
- In die geval van 'n dispuut word dit deur 'n sentrale gesag (ayatollah) opgelos (10)

2.3

- Beide se oorsprong is Indie
- Glo in reïnkarnasie.
- Glo in die Wet van Karma.
- Dit is nie nodig om in godhede te glo nie.
- Die doel van lewe is Moksha en Nirvana.
- Beoefen selibaatheid.
- Korrekte optrede word meer beklemtoon as korrekte geloof. (10)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1

- Dit gee ons 'n ryk bron van godsdienstige lering (wysheid).
- Dit bevat godsdienstige oortuigings, idees, morele en waarskuwings.
- Dit praat oor God, die wêreld, menslike verhoudings en die aard van dinge. (4)
- Dit is 'n eenvoudige storie wat 'n diep geestelike waarheid oordra,

3.2 **Voorbeeld van 'n gelykenis uit Islam**

- *Gelykenis van Sy Lig – In Islam*
- Hierdie gelykenis beskryf Allah as die bron van alle verligting.
- Om die wette van God te aanvaar en te beoefen, sal die gelowige verlig
- Dit sal donkerte van onkunde verwyder.

**Voorbeeld van 'n vergelyking in Christelike godsdiens**

- *Vergelyking van die saaier*
- Dit beteken dat iemand met begrip moet luister en dit moet beoefen vir die koningkryk van God.
- Jy sal maai wat jy saai.
- Jy moet die gevolge van jou optredes dra.

*Enige ander gelykenis word gekrediteer*.
*Twee punte vir die naam van die gelykenis met of sonder die naam van die godsdiens.* (8)

3.3
- 'n Doktrine is die geloof/oortuiging van 'n godsdienstige groep.
- Dit is 'n sinoniem vir lering.
- Dit word soms gebruik om na die hele stel oortuigings in 'n godsdiens te verwys.
- Doktrine is 'n verklaring van essensiële oortuigings.
- Dit funksioneer as beskerming van wat noodsaaklik is in die godsdiens.
- Dit is die belangrikste pilare van die godsdiens.
- Die onderrig van doktrine hou nou verband met die idee van godsdienstige lering.

*Doktrine wat in die konteks van ‘n spesifieke godsdiens bespreek is, moet gekrediteer word,* (10)

3.4
- Mites is gewoonlik narratiewe of stories van goddelike wesens of helde.
- 'n Mite is 'n storie wat verduidelik waarom iets is soos dit is.
- 'n Mite kan kan ook 'woord' of 'fabel' beteken ('n kort storie met 'n les oor gedrag, dikwels met diere as karakters).
- Mites is simboliese maniere om te verduidelik hoe die wêreld begin het (skeppingsmites).
- Mites word ook gebruik om mense van hul kultuur en godsdiens te leer.
- Dit is 'n heilige storie oor die skepping, die eindtye of ander sleutelleringe.
- Dit is nie feitelike weergawes nie, maar dra eerder spirituele waarhede. (10)

3.5 **Kommunisme**
- 'n Politieke stelsel waar die Staat eiendom, produksie en handel beheer.
- Dit ontken die bestaan van 'n Opperwese.
- Dit is 'n politieke stelsel waarin individue nie toegelaat word om eiendom te besit nie.
- Die idee is dat alles aan almal behoort.
- Dit is die motivering vir 'n burgerlike revolusie om kapitalisme te onttroon en om uiteindelik 'n klaslose samelewing te skep.

**Ateïsme**

- Ateïsme is 'n sekulêre wêreldbeskouing wat die bestaan van 'n Oppergesag ontken.
- Ateïste is mense wat nie glo dat goddelike wesens of 'n Oppergesag of goddelike mag bestaan nie.
- Daar is verskillende vorme van ateïsme: neutraal (sag), positief (sterk)
- Sagte ateisme is die ontkenning van die bestaan van God/gode, maar verwerp nie aktief die idee van God/gode nie.
- Positiewe ateisme: glo daar is bewyse wat die gedagte ondersteun dat daar geen God/gode is nie.
- Dit is 'n filosofie wat op verskillende maniere verstaan kan word.

**Sekulêre humanisme**

- Sekularisme in iemand se persoonlike lewe behels 'n verbintenis tot:
- 'n Etiek gebaseer op redenasie oor menslike aard sonder verwysing na God(e).
- 'n Begrip van die heelal sonder 'n godsdienstige verduideliking.
- Dit is 'n vertakking van humanisme wat godsdienstige geloof en die bestaan van die bonatuurlike verwerp.
- Dit word dikwels met wetenskaplikes en akademici verbind.
- Hulle glo gewoonlik dat die navolging van humanistiese beginsels natuurlik tot ateïsme lei, op grond daarvan dat godsdienstige oortuigings nie rasioneel ondersteun kan word nie.

**Agnostisisme**

- Agnostisisme is ‘n sekulere respons op godsdienstige kennis
- Sommige agnostici glo in God/gode maar onderskryf nie enige
- godsdiens nie.
- Dit stel dat dit onmoontlik is om te weet of daar ‘n Opperwese bestaan.
- Verwerp hoofsaaklik die meeste godsdienste en hul leringe omd verstaan van ‘n Opperwese verhewe is bo menslike verstand
- Hulle is daarom skepties oor godsdienstige doktrine.
- Hulle verwerp veral godsdienste wat daarop aanspraak maak dat hulle die ware kennis het.

  ***Definisie is beperk tot slegs TWEE punte.***

(10)

3.6

- Glo in een God.
- Glo in die bestaan en die rol van die Duiwel of Satan.
- Glo in die bestaan en die rol van engele.
- Glo in lewe na die dood.
- Glo in die gesag van die gewyde boeke as die Woord van God.
- Hulle glo in Oordeelsdag (8)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 **Ek stem nie saam nie.**

- Die Darfoer-konflik in Suid-Soedan het meer as 100 jaar gelede begin.
- Die hoofverdeeldheid was etnies/stam en kultureel van aard.
- Godsdiens is nie 'n radikale bron van verdeeldheid nie.
- Die meeste mense in Darfoer is Sunni-Moslems; so ook die regering in Kartoem.
- In 1983 was daar burgeroorlog toe die Moslem-regering probeer het om Islamitiese wette in die Suide af te dwing.
- In 2005 het Suid-Afrika 'n vredesooreenkoms tussen die Noorde en Suide bemiddel.
- Die konflik het egter voortgeduur.
- 'n VN-gesteunde referendum het in 2011 op die verdeling van die Suide besluit.
- Die harmonieuse verhouding tussen Kartoen en Juba was van korte duur.
- Die konflik duur voort en die Heglig-olievelde is die grootste kwessie.

*(Enige ander redelike scenario moet aanvaar word.)*

**Ek stem saam.**

- In die Suide van Soedan is daar 'n aansienlike Christen-teenwoordigheid, asook ATG-volgelinge, terwyl die Noorde amper heeltemal uit Moslems bestaan.
- Die hoofsaaklik nie-Moslem-Suide word grootendeels deur die Kartoem-regering geïgnoreer.
- Dit blyk uit 'n algehele gebrek aan infrastruktuur.
- Die ekonomie van die Suide is vernietig as gevolg van Kartoen se verwaarlosing.
- Dit lei tot wydverspreide armoede in die Suide.
- Aanvalle deur millitante ('janjaweed') op nie-Arabiese dorpies in die Suide is algemeen.
- Die Kartoem-regering het niks gedoen om hierdie strooptogte te stop nie.
- Alhoewel daar konflik tussen stamme is, is dit ook volgens godsdienste verdeel omdat stamme in hul geheel 'n enkele godsdiens volg.
- Die 1983-afdwinging van Sharia-wette was 'n poging deur die Noorde om die Suide heeltemal te domineer.

*(Enige ander redelike scenario moet aanvaar word.)* (14)

4.2

- In 1997 is die Nasionale Godsdienstige Leiersforum gestig.
- Dit het uit die leiers van die verskillende godsdienste wat in Suid-Afrika voorkom, bestaan.
- Hul doelwit wat om te help om 'n gemeenskap te skep wat moreel en deernisvol is.
- Die Grondwet van die land waarborg dat alle godsdienste dieselfde behandel word.
- Skoolvakke soos Lewensoriëntering en Religiestudies leer oor godsdienste om begrip, respek en verdraagsaamheid te kweek. (8)

4.3
- Maak leerders vertroud met die beleide wat godsdiens in onderwys reguleer.
- 'n Voorbeeld is die SA Skolewet wat sê dat die bywoon van godsdienstige funksies by die skool vrywillig moet wees.
- Lig leerders by saalbyeenkomste in oor heilige dae van elke godsdiens.
- Geen propaganda moet by die skool toegelaat word nie.
- Voordele van godsidenstige diversiteit en verdraagsaamheid kan bevorder word deur plakkate, toneelstukke en stories. (8)

4.4 **Godsdienstige vryheid**
- Godsdienstige vryheid beteken dat elke persoon vry moet wees om sy/haar geloof/oortuigings te volg en uit te leef.
- Daar moet nie vrees vir vervolging wees nie.

- Godsdienstige vryheid word in 'n land se grondwet/wetgewing gestipuleer.
- Dit word deur die regering van die dag bepaal.
- Vryheid van godsdiens laag vrye uitdrukking en beoefening van enige godsdiens toe.

**Godsdienstige verdraagsaamheid:**
- Godsdienstige verdraagsaamheid beteken om godsdienstige geloof/ oortuigings en gebruike anders as jou eie, te verstaan en te respekteer.
- Dit is van toepassing selfs al stem jy nie met die ander saam nie.
- Godsdienstige verdraagsaamheid is hoofsaaklik afhanklik van interaksie tussen godsdienstige groepe en individue in 'n gemeenskap.
- Godsdienstige en politieke leiers speel 'n groot rol in die kweek van 'n kultuur van godsdienstige verdraagsaamheid.
- Dit is gebaseer op respek, verdraagsaamheid en begrip vir godsdienste wat anders as jou eie is.
- Godsdienstige vryheid is 'n voorvereiste vir godsdienstige verdraagsaamheid. (4)

4.5 4.5.1 **Boeddhisme**
- Hulle bevorder gedeelde menslikheid.
- Daar is 'n gedeelde doelwit om geluk te bekom en lyding te vermy. (4)

4.5.2 **Christendom**
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Hierdie lering moedig mense aan om almal gelyk te behandel.
- Jy mag nie moord pleeg nie. Dit verwys na die heiligheid van menslike lewe. (4)

4.5.3. **Islam**
- Dit is nie verpligtend om tot Islam te bekeer nie. Dit beteken dat die verklaring van iemand se geloof vrywillig en opreg moet wees. Dit laat vryheid van godsdiens toe.
- Die instelling Zakaat (welsyn) verseker dat basiese behoeftes vir kos, skuiling en klere bevredig word. (4)

Kopiereg voorbehou 

4.5.4 **Afrika Tradisionele Godsdiens**
- Die beginsel van ubuntu moedig hulp aan jou gemeenskap aan.
- Die Ilima-gebruik is een waar die gemeenskap hulp verleen aan lede wat behoeftig is. (4)

*(Enige ander relevante feit moet aanvaar word. Leringe mag in die leerder se eie woorde uitgedruk word.)* **[50]**

## VRAAG 5

5.1 Ja/Nee (2)
NB: Dit is ‘n ope vraag; en relevante voorbeelde moet gekrediteer word.

5.2 **JA**
- In Suid-Afrika (of ander lande) word gelyke dekking aan elke godsdiens gegee.
- Bv. TV-programme, 'geloofskwessies'.
- Indien godsdienstige dekking nie regverdig is nie, kan klagtes aan die UKKSA of die Menseregtekommissie gestuur word.
- Dit word gedoen deur individue of godsdienstige liggame soos die Joodse Raad van Afgevaardigdes, Hindoe Maha Sabha, ensovoorts.
- Onderhoude word met verteenwoordigers van verskillende godsdienste gevoer.
- Dit laat toe dat verskillende oogpunte verteenwoordig word.

**NEE**
- Navorsing toon dat dit nie die geval is nie, soos in die uittreksel hierbo.
- Die Katolieke Kerk kry meestal negatiewe dekking oor beweerde kindermishandeling deur hul priesters.
- Die media raak nooit betrokke by die bevordering van godsdiens of algemene godsdienstige sake nie.
- Slegs sensasionele verslaggewing vind plaas.
- In wêreldmedia word godsdiens dikwels uitgebeeld as die oorsaak van oorloë, lyding en mishandeling (bv. mishandeling van vroue). (10)

5.3
- Die oorlog in Irak en Afganistan het Islam in die kollig geplaas.
- In die Weste was min daaroor bekend in die verlede.
- Daar is meer kompetisie tussen mediahuise.
- Oorloë en konflik verdeel mense dikwels volgens godsdienste.
- Die dekking is slegs oor sake wat koerante verkoop, soos skandale, konflik met sekulêre wette, ensovoorts.
- Godsdiens word in baie gevalle as 'groot besigheid' beskou.
- Voorbeelde hiervan is die Hajj, die ZCC Paasfeesbyeenkoms, ensovoorts. (10)

5.4
- Die burgerkonflik in Nigerië word dikwels uitgebeeld as konflik tussen die Moslem Noorde en die Christelike Suide.
- Daar is 'n poging deur Moslems om Sharia-wette af te dwing, selfs op nie-Moslems.
- Moslems is bang dat hulle deur 'n Christen-regering regeer sal word.
- Christene vrees dat Nigerië is Islamitiese staat sal word.
- Daar is bekommernis oor wie politieke beheer oor die oliehulpbronne sal uitoefen.
- Die oliebelange moedig ook buitelandse magte aan om kant te kies in die konflik.
- Sommige Moslem-sektes het vertroue in die regering verloor en die wet in eie hande geneem, bv. Boko Haram.
- Boko Haram verskaf basiese dienste aan hul ondersteuners waar staatsdienste ontbreek. [*Mail and Guardian*, 2 April 2012, bl. 24]

(10)

5.5
- Bv. Homoseksualiteit en die Katolieke Kerk
- Die Katolieke Kerk is sterk teen homoseksualiteit gekant.
- Die Katolieke Kerk verwys na die Bybelse storie van Sodom en Gomorra.
- Verskeie protesoptogte wat die Kerk se standpunt kritiseer, het dekking in die media gekry.
- Die Kerk se standpunt kry nie dieselfde dekking in die media as anti-godsdienstige sentimente nie. (10)

5.6
- Bv. Poligamie in ATR of Islam
- Vroue is poligamiese huwelike word uitgebeeld as vroue wat deur hul mans mishandel word.
- Vroue wat by buite-egtelike verhoudings betrokke is, word as meer aanvaarbaar uitgebeeld.
- Dit blyk uit die baie buite-egtelike verhoudings wat op die televisie gewys word.
- Godsdienstige tekste word dikwels verkeerd deur die media aangehaal om die swak behandeling van vroue te regverdig. (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou